# VUURWAPENWEGEWING

Net om myself voor te stel, my naam is Leon le Roux, die eienaar van Randburg Vuurwapens. Ek is bevriend met sommige inwoners van Negester. Ek is gevra om inligting te verskaf rondom die huidige vuurwapenwetgewing.

Ek besit Randburg Vuurwapens vir die afgelope 20 jaar en was gereeld in hofgedinge met die SAPS gewikkel. Ek het in 2009 'n Hooggeregshofbevel teen die SAPS gekry wat gehandel het oor berging van vuurwapens. Advokaat Barry Roux het vir my verskyn teen die SAPS, die Kommissaris van Polisie en die Minister van Polisie. Regter Bill Prinsloo het 'n bevel toegestaan teen die SAPS.

Almal wat die ou groen lisensie het en nie gemigreer het na die nuwe wet nie (m.a.w 'n wit lisensie kaartjie), is nog wettig in besit van daardie wapen met die lisensie. Die groen lisensie is ook die ou ingeplakte lisensies in jou ou blou ID-boekie, of ingeplakte groen lisensie in jou ou groen ID-boekie, of die groen plastieklisensiekaartjie. Indien jy van die ou wet (groen lisensie) gemigreer het na die wit lisensie is die groen lisensie nie meer geldig nie. Sodra jy van die ou wet na die nuwe wet gemigreer het, bestaan jou groen lisensie nie meer nie, al is jy nog steeds in besit daarvan. Persone wie se wit lisensies onder die nuwe wet verval het, is onder die indruk dat hulle groen lisensies nog geldig is (dit is nie so nie). Net die persone wat nooit na die wit lisensie gemigreer het nie, en onder die ou wetgewing val, het dus 'n geldige groen lisensie.

In 2016 het 'n span advokate van die handelaarsvereniging, jagtersvereniging en GOSA (Gun Owners Association of South Africa) die SAPS Hooggeregshof toe geneem vir 'n dringende bevel rakende die verstrykte wit lisensies, om die 300 000 verstrykte lisensies, geldig te laat verklaar. Die hofsaak is in 2017 (deur bogenoemde) teen die SAPS, met kostes, gewen. (Almal was toe weer wettig in besit van die verstreikte lisensies). In 2018 het die SAPS ge-appelleer, en die saak is na die Konstitusionele Hof verwys wat in die guns van die SAPS beslis het (sonder kostes). Dus is daar +/- 300 000 lisensiehouers, met wettige wapens, met verstrykte (onwettige) lisensies. In Julie/Augustus 2018 het GOSA voor regter Bill Prinsloo die saak in die Hooggeregshof gewen en al die persone wie se lisensies verval het, weer wettig verklaar. Die lisensies wat verval het, moet vir eers in jou kluis gebêre word totdat die Minister van Polisie, Mnr. Beke Cele,

amnestie aankondig vir persone wat wit en groen lisensies het, om te kan herlisensieer. Daar was verwag dat die ammnestie reeds teen 1 September 2018 in plek sou wees, maar helaas, dit is nog nie afgekondig nie.

Opsommend:
Moenie jou wapen inhandig by die SAPS nie. Hou hom in jou kluis toegesluit. Moenie dat die SAPS jou dreig nie. Die saak is gewen en maak jou dus 'n wettige eienaar van die wapen met die verstrykte lisensie. Jy is dus wettig in besit van daardie wapen. Wag vir die aankondiging van die amnestieperiode en gaan dan dadelik na jou plaaslike SAPS en herlisensieer.
(Niemand kan nou gaan herlisensieer voor die amnestie afgekondig is nie.)